

**13 Augustus**

**Johannes 6:60-71**  
(Teks: Dordtse Leerreëls 2:6)

***Die hardheid van die moedswillige mens***

Dit is skrikwekkend tragies dat daar baie mense is wat deur die evangelie geroep is, maar wat hulle nie bekeer nie en nie in Christus glo nie. Hulle leef onbekeerd voort tot hul dood hoewel hulle tog kennis geneem het van die liefde van Jesus Christus aan die kruis.

Wat bely ons in par. 6 van sulke mense? Sonder verwaandheid van ons kant en met groot hartseer bely ons dat hulle uiteindelik in ongeloof sterf. Ons sing ook saam met Asaf in Ps. 73:12.

"Wie ver van U sy weg wil gaan,  
stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaad het..."

Die evangelie is tog so heerlik en die liefde van Christus so wonderlik vir sondaars dat dit moeilik te bedink is dat daar mense is wat nie wil glo nie. Sou daar dalk iets skort met die offer wat Christus aan die kruis volbring het? Was dit dalk gebrekkig of onvolmaak? Nee, duisend maal nee! As gelowige weet u dat Jesus se lyding volmaakte versoening gebring het vir elkeen wat glo.

Mense wat hulle nie bekeer nie, sterf in ongeloof deur hul *eie skuld*. Hulle wil Jesus nie liefhê nie. Hulle verhard hulle teen God se Woord. Dit het selfs onder, en as gevolg van, die prediking van Jesus gebeur dat mense weggeloop het (Joh. 6:66).

Is u bereid om die bevrydende evangelie ook aan onverskilliges te verkondig? Nie maar net deur te sê: bekeer julle en glo in Christus nie, maar deur met vrymoedigheid te sê: Leef soos ek!

Sing Psalm 73:12

Ds. J. Venter (Brakpan)